MotoLyrics

MotoLyrics.com
Biggest, regularly updated and free lyrics database

# Laurika Rauch
# "Stille Waters"

Visit "Stille Waters" on MotoLyrics.com

JY'T GESÃŠ ONS LIEFDE SAL BLY STAAN
AL TUIMEL AL DIE BERGE IN DIE OSEAAN
DOEN VIR MY 'N GUNSIE VOOR JY GAAN
GOOI VIR MY 'N KLIPPIE
'N KLIPPIE IN DIE OSEAAN
WIE SAL OOIT DIE LIEFDE KAN VERSTAAN?
NADER AS 'N HARTKLOP, VERDER AS DIE MAAN
DAAR IS 'N TYD VAN KOM, EN 'N TYD VAN GAAN
DIT HET EK GELEES MAAR
HOE SAL EK DIT OOIT VERSTAAN?

KOOR:
EN KYK HOE SAK DIE SEKELMAAN
IN DIE STILLE OSEAAN
STILLE WATERS DIEPE GROND
ONDER DRAAI DIE DUIWEL
ONDER DRAAI DIE DUIWEL ROND

MISKIEN IS LIEFDE NET 'N FANTASIE
DIS NIE ALLES MAANSKYN EN ROSE NIE
JY WAS VIR 'N RUKKIE AAN MY SY
WAS JY NET 'N BIETJIE
NET 'N BIETJIE LIEF VIR MY

MISKIEN IS DAAR 'N PLEK VIR ONS TWEE SAAM
ANDERKANT DIE BERGE VAN DIE MAAN
EN AS DIE MAAN WEER OPKOM SAL EK ONTHOU
EK WAS VIR 'N RUKKIE
OOK 'N BIETJIE LIEF VIR JOU

EN AS DIE MAAN WEER OPKOM SAL EK ONTHOU
EK WAS VIR 'N RUKKIE
OOK 'N BIETJIE LIEF VIR JOU

Visit Laurika Rauch page on MotoLyrics.com, to get more lyrics and videos.

MotoLyrics.com | Lyrics, music videos, artist biographies, releases and more.